

Lorentz & Bone

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA.



OFFICIAL GAZETTE

UITGEGEE OP GESAG.

OF SOUTH WEST AFRICA.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

1/- Donderdag, 15 Julie 1943.

WINDHOEK

Thursday, 15th July, 1943.

No. 1063

INHOUD.

Bladsy

PROKLAMASIES —

- No. 14. Proklamasie betreffende die Registrasie van Akte van Toekenning (Prospekteer en Delf), 1943 5308
- No. 15. Wysigingsproklamasie betreffende Lisensies, 1943 5309
- No. 16. Distrikspaaie, Distrik Omaruru: Proklamering, Verlegging, Verlenging en Sluiting van 5310
- No. 17. Wysigingsproklamasie betreffende Kommissaris van Ede, 1943 5311
- No. 18. Onderwys-wysigingsproklamasie, 1943 5313
- No. 19. Proklamasie betreffende die Kwytskelding van Boedelgelde, 1943 5316

GOEWERMENSKENNISGEWINGS —

- No. 123. Kommissaris van Ede, Distrik Maltahohe: Aanstelling as 5317
- No. 124. Onderwys Regulasies: Wysiging: Reis- en Onderhoudstoelae aan Onderwysers 5317
- No. 125. Beesteverbeteringsgebied Windhoek: Aanstelling van Raadslede van Bulinspeksieraad 5317
- No. 126. Maksimum Pryse van Naaigaring en -sy, ens. 5318
- No. 127. Distriks-Kontroleur van Landbougereedskap, -masjinerie en -benodigdhede vir S.W.A.: Aanstelling as 5319

ALGEMENE KENNISGEWINGS —

- No. 51. Bankeopgawe — Mei 1943 5319
- No. 52. Handelsmerke: Onbetaalde Hernuwingsfooi vir die tydperk eindigende 30 Junie 1943 5320
- No. 53. Kwartaalse Opgawe van Goedere in Rykspakhuis: Walvisbaai en Luderitz 5320
- No. 54. Lys van Maatskappye geregistreer, ens. 5320

ADVERTENSIES —

- Boedelkennisgewings, ens., ens. 5320

CONTENTS.

Page

PROCLAMATIONS —

- No. 14. Registration of Deed of Grant (Prospecting and Mining) Proclamation, 1943 5308
- No. 15. Licences Amendment Proclamation, 1943 5309
- No. 16. District Roads, District Omaruru: Proclamation, Deviation, Extension and Closing of 5310
- No. 17. Commissioner of Oaths Amendment Proclamation, 1943 5311
- No. 18. Education Amendment Proclamation, 1943 5313
- No. 19. Remission of Estate Fees Proclamation, 1943 5316

GOVERNMENT NOTICES —

- No. 123. Commissioners of Oaths, District Maltahohe: Appointment as 5317
- No. 124. Education Regulations: Amendment: Teacher's Travelling and Subsistence Allowance 5317
- No. 125. Windhoek Cattle Improvement Area: Appointment of Bull Inspection Board Members 5317
- No. 126. Maximum Prices of Sewing Cottons and Silks, etc. 5318
- No. 127. District Controller of Agricultural Implements, Machinery and Requisites for S.W.A.: Appointment as 5319

GENERAL NOTICES —

- No. 51. Banks' Statement — May, 1943 5319
- No. 52. Trade Marks: Unpaid Renewal Fees for the period ending 30th June, 1943 5320
- No. 53. Quarterly Return of Goods in King's Warehouses: Walvis Bay and Luderitz 5320
- No. 54. List of Companies registered, etc. 5320

ADVERTISEMENTS —

- Estate Notices, etc., etc. 5320

PROKLAMASIES

VAN SY EDELE PETRUS IMKER HOOGENHOUT,
ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

No. 14 van 1943.]

NADEMAAL die Administrateur ingevolge artikel vyf-en-sewentig van die Mynontginings-Konsolidasie en Wysigingsproklamasie 1940, soos gewysig, by wyse van 'n Akte van Toekenning aan iemand die alleenreg kan verleen om op 'n bepaalde gebied te prospekteer of te ontgin, hetsy algemeen of ten aansien van 'n bepaalde mineraal, onderhewig aan sodanige voorwaardes as wat hy mag goedvind; en

NADEMAAL die Administrateur begerig is om by wyse van 'n Akte van Toekenning aan die Union Corporation Limited die alleenreg te verleen om edel- en onelede minerale te prospekteer en te delf in 'n gebied van ongeveer 314.16 vkt. myl, op regeringsgrond binne 'n straal van tien myl van die Trigonometriese Opmetingstasie 105 M, in die distrik Swakopmund, geleë en watter oppervlakte nog nie opgemeet is nie; en

NADEMAAL, ooreenkomstig die wet, die Registrateur van Aktes sodanige Akte van Toekenning nie kan registreer nie tensy 'n kaart van die grond, waarna verwys word, daaraan geheg is; en

NADEMAAL dit wenslik is dat die genoemde Akte van Toekenning met die mins moontlike vertraging geregistreer word sodat met die prospekteer van onelede minerale, wat van die allergrootste strategiese belang op die oomblik is, 'n aanvang gemaak kan word; en

NADEMAAL die opmeting en vervaardiging van 'n kaart van die genoemde grond aansienlike vertraging sou veroorsaak;

SO IS DIT dat ek, op grond van en kragtens die bevoegdhede my verleen, hiermee proklameer, verklaar en bekendmaak, soos volg:—

PROCLAMATIONS

BY HIS HONOUR PETRUS IMKER HOOGENHOUT,
ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.

No. 14 of 1943.]

WHEREAS the Administrator may, in terms of section *seventy-five* of the Mining Consolidation and Amendment Proclamation, 1940, as amended, confer by Deed of Grant upon any person, the exclusive right to prospect or mine any defined area, either generally or in respect of a defined mineral, subject to such condition as he may deem fit to impose; and

WHEREAS the Administrator is desirous of conferring by Deed of Grant upon the Union Corporation Limited the exclusive right to prospect for and mine precious and base minerals in an area of approximately 314.16 sq. miles, situated on Crownlands within a radius of ten miles of the Trigonometrical Survey Station 105 M in the district of Swakopmund, which area has not yet been surveyed; and

WHEREAS, in terms of the law, the Registrar of Deeds cannot register such Deed of Grant unless a diagram of the land referred to is annexed thereto; and

WHEREAS it is expedient that the said Deed of Grant be registered with the least possible delay in order that the prospecting for base minerals which are of vital strategic importance at present may be commenced; and

WHEREAS the survey and preparation of a diagram of the said land would cause considerable delay;

NOW THEREFORE, under and by virtue of the powers in me vested I do hereby proclaim, declare and make known as follows:—

No. 18 van 1943.]

NADEMAAL dit wenslik is om die wet betreffende openbare onderwys verder te wysig;

SO IS DIT dat ek, op grond van en kragtens die bevoegdhede my verleen, hiermee proklameer, verklaar en bekendmaak, soos volg:—

1. In hierdie Proklamasie beteken die uitdrukking „die Hoofproklamasie” die Onderwys Proklamasie, 1926 (No. 16 van 1926), soos van tyd tot tyd gewysig.

2. Artikel *een* van die Hoofproklamasie word hiermee gewysig deur die weglating van die woordbepaling „Onderwyser” en die vervanging daarvan deur die volgende woordbepaling:

„Onderwyser” sluit in ’n hoofonderwyser van en ’n assistent-onderwyser aan ’n opleidingskool, en ’n leermeester in handwerk, landbou, gimnastiek en ander spesiale vakke.

3. Subartikel (1) van artikel *ses* van die Hoofproklamasie word hiermee gewysig deur die weglating van die woord „kinders” en die vervanging daarvan deur die woord „leerlinge”.

4. Artikel *tien* van die Hoofproklamasie word hiermee gewysig deur die woorde „’n Opleidingskool,” na die woord „behalwe”.

5. Subartikel (1) van artikel *nege-en-twintig* van die Hoofproklamasie word hiermee gewysig —

(a) deur die weglating van die woorde „doel om onderwys aan blanke leerlinge te verstrek” en die vervanging daarvan deur die woorde „doeleindes om onderwys aan blanke leerlinge te verstrek en om blanke leerlinge as onderwysers op te lei”; en

(b) deur die invoeging bo-aan die lys van indelings van die woord „Opleidingskool;”.

6. Die Hoofproklamasie word hiermee gewysig deur die volgende nuwe artikel na artikel *nege-en-twintig* in te voeg:

Opleidingskole „29 *bis*. (1) Opleidingskole is skole ingestel vir die opleiding van blanke onderwysers.

(2) ’n Opleidingskool sal nie ingestel word nie, tensy die Administrateur oortuig is dat die onderwysbehoefte van die Gebied sodanige instelling vereis.”

7. Artikel *drie-en-sestig* van die Hoofproklamasie word hiermee gewysig deur die woorde „, behalwe ’n hoofonderwyser van of ’n assistent onderwyser aan ’n Opleidingskool,” na die woord „onderwysers” in te voeg.

8. Artikel *vyf-en-sestig* van die Hoofproklamasie word hiermee gewysig deur die woorde „vir die opleiding van blanke onderwysers en” na die woord „opgerig” in te voeg.

9. Die Hoofproklamasie word hiermee gewysig deur die volgende nuwe artikel na artikel *ses-en-sestig* in te voeg:

Salarisskale: „66 *bis*. Die skale van jaarlikse salarisse vir Opleidingskole. hoofonderwysers van en assistent onderwysers aan ’n Opleidingskool word deur die Administrateur vasgestel.”

10. Artikel *ses-en-sewentig* van die Hoofproklamasie word hiermee herroep en deur die volgende artikel vervang:—

Vasstelling van die salarisse van onderwysers. „76. (1) Die salaris van ’n onderwyser wat in diens tree van die departement sal die minimum van die skaal wees wat verbonde is aan die pos wat deur hom beklee sal word met die toevoeging van een jaarlikse verhoging vir elke goedgekeurde jaar van sy ondervinding:

Met dien verstande dat —

(a) waar ’n onderwyser ’n salaris aan ’n Primêreskool verbonde ontvang het en in die Gebied op ’n Opleidingskool-, ’n Sekundêre- of ’n Hoërskool-skaal aangestel word, ontvang sodanige onderwyser die minimum salaris op sodanige hoër skaal,

(b) waar ’n onderwyser ’n salaris aan ’n Sekundêreskool of ’n Hoërskool verbonde ontvang het en in die Gebied op ’n Opleidingskool-skaal aangestel word, ontvang sodanige onderwyser die minimum salaris op sodanige hoër skaal,

(c) waar sodanige onderwyser alreeds in ontvangs is van ’n salaris wat hoër is as sodanige minimum, moet hy op die trap van sodanige skaal geplaas word wat sou ooreenkom met een verhoging bo die salaris wat hy op die laer skaal ontvang het,

(d) waar sodanige onderwyser se salaris op ’n Primêreskool-skaal wat in die Gebied op hom van toepassing sou wees, hoër sou wees as die salaris op die Opleidingskool-, Sekundêreskool- of Hoërskool-skaal wat op hom aldus van toe-

No. 18 of 1943.]

WHEREAS it is desirable further to amend the law relating to public education;

NOW THEREFORE, under and by virtue of the powers in me vested, I do hereby proclaim, declare and make known as follows:—

1. In this Proclamation the expression “the Principal Proclamation” means the Education Proclamation, 1926 (No. 16 of 1926), as amended from time to time.

2. Section *one* of the Principal Proclamation is hereby amended by the deletion of the definition of “Teacher” and the substitution of the following definition therefor:

“Teacher” shall include a principal of and an assistant at a training school, and an instructor in handicrafts, agriculture, gymnastics and other special subjects.

3. Sub-section (1) of section *six* of the Principal Proclamation is hereby amended by the deletion of the word “children” and the substitution therefor of the word “pupils”.

4. Section *ten* of the Principal Proclamation is hereby amended by the insertion after the word “except” of the words “a training school;”.

5. Sub-section (1) of section *twenty-nine* of the Principal Proclamation is hereby amended—

(a) by the deletion of the words “purpose of affording education to European pupils” and the substitution therefor of the words “purposes of affording education to European pupils and of training European pupils as teachers”; and

(b) by the insertion at the top of the list of divisions of the words “Training schools;”.

6. The Principal Proclamation is hereby amended by the insertion, after section *twenty-nine*, of the following new section:

Training Schools. “29 *bis*. (1) Training schools shall be schools established for the training of European teachers.

(2) A Training school shall not be established unless the Administrator is satisfied that the educational needs of the Territory call for such establishment.”

7. Section *sixty-three* of the Principal Proclamation is hereby amended by the insertion after the word “teachers” of the words “, other than a principal of or an assistant at a Training School;”.

8. Section *sixty-five* of the Principal Proclamation is hereby amended by the insertion, after the word “established”, of the words “for the training of European teachers and”.

9. The Principal Proclamation is hereby amended by the insertion, after section *sixty-six*, of the following new section:

Scales of salaries: Training Schools. “66 *bis*. The scales of annual salaries for principals of and assistants at a Training School shall be fixed by the Administrator.”

10. Section *seventy-six* of the Principal Proclamation is hereby repealed and the following section substituted therefor:—

Fixing of teachers' salaries. “76. (1) The salary of a teacher entering the service of the department shall be the minimum of the scale attached to the post to which he is appointed with the addition of one annual increment for every approved year of experience:

Provided that—

(a) Where a teacher has been in receipt of a salary applicable to a Primary School and is appointed in the Territory on a Training School, a Secondary School or a High School scale, such teacher shall receive the minimum salary on such higher scale,

(b) where a teacher has been in receipt of a salary applicable to a Secondary School or a High School and is appointed in the Territory on a Training School scale, such teacher shall receive the minimum salary on such higher scale,

(c) where such teacher is already in receipt of a salary which exceeds such minimum, he shall be placed on the notch on such scale which represents the first incremental stage above the salary which he received on the lower scale,

(d) where such teacher's salary on the Primary School scale which would be applicable to him in the Territory would be higher than it is on the Training School, Secondary School or

passing is, word sodanige onderwyser op sodanige naaste trap van die Opleidingskool-, Sekundêreskool- of Hoërskool-skaal geplaas as wat net hoër is as die trap op die Primêreskool-skaal wat op hom aldus van toepassing sou wees,

(e) waar sodanige onderwyser se salaris op 'n Sekundêreskool- of Hoërskool-skaal wat in die Gebied op hom van toepassing sou wees, hoër sou wees as die salaris op die Opleidingskool-skaal wat op hom aldus van toepassing is, word sodanige onderwyser op sodanige naaste trap van die Opleidingskool-skaal geplaas as wat net hoër is as die trap op die Sekundêreskool- of Hoërskool-skaal wat op hom aldus van toepassing sou wees.

(2) Indien te eniger tyd 'n jaarlikse salarisverhoging van 'n onderwyser teruggehou is, word die tydperk waarin sodanige verhoging teruggehou is, vir die doeleindes van hierdie artikel nie meegetel as deel van so 'n onderwyser se ondervinding nie."

11. Die Hoofproklamasie word hiermee gewysig deur na artikel *eeenhonderd en elf* die volgende nuwe artikel in Hoofstuk XII in te voeg:—

Hoofstuk nie van toepassing op opleidingskole nie. „111 bis. Niks in hierdie Hoofstuk vervat is op Opleidingskole van toepassing nie."

12. Die Hoofproklamasie word hiermee gewysig deur die volgende artikel in Hoofstuk XIII na artikel *eeenhonderd en sesstien* in te voeg:—

Hoofstuk nie van toepassing op opleidingskole nie. „116 bis. Niks in hierdie Hoofstuk vervat is op Opleidingskole van toepassing nie."

13. Artikel *eeenhonderd twee-en-twintig* van die Hoofproklamasie word hiermee herroep en deur die volgende artikel vervang:—

Regeringsopleiding-, -kleurling- en -natarelleskole. „122. (1) Onderworpe aan die bepalings van hierdie Proklamasie mag die Administrateur Opleidingskole (hierna Regeringsopleidingskole genoem) instel om kleurling- en natarelleleerlinge as onderwysers op te lei en skole (hierna Regeringskleurlingskole en Regeringsnatarelleskole onderskeidelik genoem) om onderwys aan kleurling- en natarelleleerlinge te verstrek.

(2) Behoudens die bepalings hierna vervat is die hoogste en laagste standers in so 'n skool, die vakke van onderrig en die geslag van die leerlinge wat ingeskryf sal word in ieder geval aan die goedkeuring van die Direkteur onderworpe.

(3) 'n Regeringsopleidingskool word nie ingestel nie, tensy die Administrateur oortuig is dat die onderwysbehoefes van die Gebied sodanige instelling vereis, en dat die voorgestelde behuisingsgeriewe geskik is vir die doel.

(4) 'n Regeringskleurlingskool of Regeringsnatarelleskool word nie ingestel nie, tensy die Direkteur oortuig is dat die onderwysbehoefes van die omgewing sodanige instelling vereis, dat 'n gereëde bywoning van minstens twintig leerlinge volgehou kan word en dat die voorgestelde behuisingsgeriewe geskik is vir die doel.

(5) 'n Regeringsopleidingskool word nie verder instandgehou nie, tensy die Administrateur oortuig is dat die onderwysbehoefes van die Gebied sodanige instandhouding vereis.

(6) 'n Sodanige Regeringskleurlingskool of Regeringsnatarelleskool word nie verder instandgehou nie, tensy die Direkteur oortuig is dat die onderwysbehoefes van die omgewing sodanige instandhouding vereis of indien vir 'n tydperk van twee skoolkwartale die skool daar nie in geslaag het om 'n minimum gemiddelde bywoning van twintig leerlinge vol te hou nie.

(7) Die beheer en bestuur van elke sodanige skool berus by die Direkteur of by 'n bestuurder deur hom met die toestemming van die Administrateur aangestel.

14. Die Hoofproklamasie word hiermee gewysig deur die volgende artikel na artikel *eeenhonderd twee-en-twintig* in te voeg:—

Kontrakte met leerlinge aan Regeringsopleidingskole. „122 bis. Elke leerling moet, voordat hy aan 'n Regeringsopleidingskool toegelaat word, 'n onderneming onderteken ten effekte dat wanneer hy as 'n onderwyser aan sodanige skool kwalifiseer hy 'n betrekking as onderwyser, ooreenkomstig hierdie Proklamasie, in 'n Regeringskleurlingskool of Regeringsnatarelleskool in die Gebied sal aanvaar en dat hy in die diens van die Departement van Onderwys vir 'n tydperk van ten minste vyf jaar sal bly vanaf die datum wanneer hy kwalifiseer."

High School scale which is so applicable to him, such teacher shall be placed on such nearest notch of the Training School, Secondary School or High School scale as would bring him above the notch on the Primary School scale which would be so applicable to him,

(e) where such teacher's salary on the Secondary School or High School scale which would be applicable to him in the Territory would be higher than it is on the Training School scale which is so applicable to him such teacher shall be placed on such nearest notch of the Training School scale as would bring him above the notch on the Secondary School or High School scale which would be so applicable to him.

(2) If at any time any annual salary increment shall have been withheld from any teacher, the period for which such increment was withheld shall not be considered for the purposes of this section as part of such teacher's experience."

11. The Principal Proclamation is hereby amended by the insertion, after section *one-hundred and eleven*, of the following section in Chapter XII:

Chapter not to apply to Training Schools. "111 bis. Nothing in this Chapter contained shall apply to Training Schools."

12. The Principal Proclamation is hereby amended by the insertion, after section *one-hundred and sixteen* of the following section in Chapter XIII:—

Chapter not to apply to Training Schools. "116 bis. Nothing in the Chapter contained shall apply to Training Schools."

13. Section *one-hundred and twenty-two* of the Principal Proclamation is hereby repealed and the following section substituted therefor:—

Government Training, Coloured and Native Schools. "122. (1) Subject to the provisions of this Proclamation the Administrator may establish Training Schools (hereinafter called Government Training Schools) for the purpose of training coloured and native pupils as teachers and schools (herein after called Government Coloured Schools and Government Native Schools respectively) for the purpose of affording education to coloured and native pupils.

(2) Subject to the provisions hereinafter contained the highest and lowest standard in any such school, the subjects of instruction and the sex of the pupils to be enrolled shall in every case be subject to the approval of the Director.

(3) No Government Training School shall be established unless the Administrator is satisfied that the educational needs of the Territory call for such establishment, and that the accommodation proposed to be utilised is suitable for the purpose.

(4) No Government Coloured School or Government Native School shall be established unless the Director is satisfied that the educational needs of the locality call for such establishment, that a regular attendance of at least twenty pupils can be maintained, and that the accommodation proposed to be utilised is suitable for the purpose.

(5) No Government Training School shall continue to be maintained, unless the Administrator is satisfied that the educational needs of the Territory call for such continuation.

(6) No such Government Coloured School or Government Native School shall continue to be maintained unless the Director is satisfied that the educational needs of the locality call for such continuation or if for a period of two school quarters it has failed to maintain a minimum average attendance of twenty pupils.

(7) The control and management of every such school shall vest in the Director or in a manager appointed by him with the consent of the Administrator."

14. The Principal Proclamation is hereby amended by the insertion after section *one-hundred and twenty-two*, of the following section:—

Contracts by pupils at Government Training Schools. "122 bis. Every pupil, before being admitted to a Government Training School, shall sign an undertaking to the effect that on qualifying as a teacher at such school he will accept a post as a teacher, in terms of this Proclamation, in a Government Coloured School or Government Native School in the Territory, and that he shall remain in the service of the Department of Education for a period of at least five years from the date of qualifying."

15. Die Hoofproklamasie word hiermee gewysig deur die volgende artikel na artikel *eenhonderd vyf-en-twintig* in te voeg:—

Toelaag aan 'n leerling en vry behuising, vry kos, ens. aan 'n leerling en sy vrou en kinders.

„125 bis. Aan 'n leerling, tot 'n Regeringsopleidingskool toegelaat, kan 'n toelaag van hoogstens een sjieling per week toegeken word, en sodanige leerling, en sy vrou en kinders, wat by hom woon, kan voorsien word met vry behuising, vry kos, vry klere, vry mediese benodigdhede by ligte ongesteldhede en vry vervoer, wanneer die Direkteur verlang dat daar van en na sodanige Regeringsopleidingskool gereis word, ooreenkomstig regulasies deur die Administrateur voorgeskrywe: Met dien verstande dat die Administrateur die genoemde maksimum weeklikse toelaag, wat aan so 'n leerling toegeken mag word, te eniger tyd kan vermeerder of verminder.”

16. Artikel *eenhonderd nege-en-twintig* van die Hoofproklamasie word hiermee gewysig deur die woord „Regeringsopleidingskool,” na die woord „iedere” in te voeg.

17. Artikel *eenhonderd en dertig* van die Hoofproklamasie word hiermee gewysig deur die woorde „'n Regeringsopleidingskool,” na die woord „van,” waar dit vir die eerste keer voorkom, in te voeg.

18. Artikel *eenhonderd twee-en-dertig* van die Hoofproklamasie word hiermee gewysig deur die volgende nuwe subartikel daaraan by te voeg — die bestaande artikel word subartikel (1):

„(2) Al die onderrig in 'n Regeringsopleidingskool is vry vir sover sodanige onderrig nie in spesiale vakke buite die skoolkursus is nie. Sodanige vrye onderrig sluit in die kostelose verskaffing van uitrusting, benodigdhede vir spele en ander vorms van ontspanning, skoolbenodigdhede, boeke en skryfbehoeftes.”

19. Artikel *eenhonderd vier-en-dertig* van die Hoofproklamasie word hiermee gewysig deur die woord „Regeringsopleidingskool,” na die woord „iedere” in te voeg.

20. Artikel *eenhonderd vyf-en-dertig* van die Hoofproklamasie word hiermee gewysig deur die woord „Regeringsopleidingskool,” na die woorde „in 'n” in te voeg.

21. Artikel *eenhonderd vier-en-veertig* van die Hoofproklamasie word hiermee gewysig —

(a) deur die woorde „in Regeringsopleidingskole,” na die woord „onderwysers” in te voeg; en

(b) deur die woorde „in die geval van 'n Regeringsopleidingskool vir die Direkteur,” na die woorde „voorgeskryf te gewees het” in te voeg.

22. Artikel *eenhonderd vyf-en-veertig* van die Hoofproklamasie word hiermee gewysig deur die woord „Regeringsopleidingskole,” na die woord „in” in te voeg.

23. Artikel *eenhonderd ses-en-veertig* van die Hoofproklamasie word hiermee gewysig deur die woord „Regeringsopleidingskole,” na die woord „erkende” in te voeg.

24. Artikel *eenhonderd sewe-en-veertig* van die Hoofproklamasie word hiermee gewysig deur die woorde „'n Regeringsopleidingskool,” na die woord „in,” waar dit vir die eerste keer voorkom, in te voeg.

25. Artikel *eenhonderd nege-en-veertig* van die Hoofproklamasie word hiermee gewysig deur die woord „Regeringsopleidingskool,” na die woord „in” in te voeg.

26. Artikel *eenhonderd twee-en-vyftig* van die Hoofproklamasie word hiermee gewysig —

(a) deur in subartikel (1) daarvan die woorde „in Regeringsopleidingskole,” na die woord „onderwysers,” waar dit vir die laaste keer voorkom, in te voeg;

(b) deur in subartikel (2) daarvan die woorde „in Regeringsopleidingskole,” na die woord „onderwysers,” waar dit vir die laaste keer voorkom, in te voeg;

(c) deur in subartikel (4) daarvan die woord „Regeringsopleidingskool,” na die woorde „in die geval van 'n,” waar hulle vir die eerste keer voorkom, in te voeg;

(d) deur in subartikel (5) daarvan die woorde „in Regeringsopleidingskole,” na die woord „onderwysers” in te voeg.

27. Subartikel (1) van artikel *eenhonderd ses-en-vyftig* van die Hoofproklamasie word hiermee gewysig:—

(a) deur die woorde „die verskaffing van vrye boeke en skryfbehoeftes aan kleurling- en naturelle eerlinge aan Regeringsopleidingskole,” na die woord „ouers” in paragraaf (e) in te voeg;

(b) deur die volgende paragraaf na paragraaf (f) in te voeg:

15. The Principal Proclamation is hereby amended by the insertion, after section *one-hundred and twenty-five*, of the following section:—

Allowance to a pupil and free accommodation, free food, etc., to a pupil and his wife and children.

„125 bis. A pupil admitted to a Government Training School may be granted an allowance not exceeding one shilling per week, and such pupil, and his wife and children living with him, may be provided with free accommodation, free food, free clothing, free medical supplies for minor ailments and the cost of travelling, when required by the Director to do so, to and from such Government Training School, in accordance with regulations prescribed by the Administrator: Provided that the Administrator may at any time increase or decrease the said maximum weekly allowance which may be granted to such pupil.”

16. Section *one-hundred and twenty-nine* of the Principal Proclamation is hereby amended by the insertion, after the word “every”, of the words “Government Training School.”

17. Section *one-hundred and thirty* of the Principal Proclamation is hereby amended by the insertion, after the word “of” where it appears for the first time, of the words “a Government Training School.”

18. Section *one-hundred and thirty-two* of the Principal Proclamation is hereby amended by the addition thereto of the following new sub-section, the existing section being designated sub-section (1):—

“(2) All instruction given in any Government Training School shall be free in so far as such instruction is not in special subjects outside the school course. Such free instruction shall include the free supply of equipment, requirements for games and other forms of recreation, school requisites, books, and stationery.”

19. Section *one-hundred and thirty-four* of the Principal Proclamation is hereby amended by the insertion, after the word “every”, of the words “Government Training School.”

20. Section *one-hundred and thirty-five* of the Principal Proclamation is hereby amended by the insertion, after the words “in a,” of the words “Government Training School.”

21. Section *one-hundred and forty-four* of the Principal Proclamation is hereby amended—

(a) by the insertion, after the word “teachers”, of the words “in Government Training Schools.”; and

(b) by the insertion, after the word “prescribed” where it appears for the second time, of the words “in the case of a Government Training School for the Director.”

22. Section *one-hundred and forty-five* of the Principal Proclamation is hereby amended by the insertion, after the word “in”, of the words “Government Training Schools.”

23. Section *one-hundred and forty-six* of the Principal Proclamation is hereby amended by the insertion, after the word “recognized” of the words “Government Training Schools.”

24. Section *one-hundred and forty-seven* of the Principal Proclamation is hereby amended by the insertion, after the word “in”, where it appears for the first time, of the words “a Government Training School.”

25. Section *one-hundred and forty-nine* of the Principal Proclamation is hereby amended by the insertion, after the word “in”, of the words “Government Training Schools.”

26. Section *one-hundred and fifty-two* of the Principal Proclamation is hereby amended—

(a) by the insertion in sub-section (1) thereof, after the word “teachers” where it appears for the last time, of the words “in Government Training Schools.”;

(b) by the insertion in sub-section (2) thereof, after the word “teachers”, where it appears for the last time, of the words “in Government Training Schools.”;

(c) by the insertion in sub-section (4) thereof, after the words “in the case of a” where these words appear for the first time, of the words “Government Training School.”;

(d) by the insertion in sub-section (5) thereof, after the word “teachers”, of the words “in Government Training Schools.”

27. Sub-section (1) of section *one-hundred and fifty-six* of the Principal Proclamation is hereby amended—

(a) by the insertion, after the word “parents” in paragraph (e), of the words “the supply of free books and stationery to Coloured and Native pupils at Government Training Schools.”;

(b) by the insertion after paragraph (f) of the following paragraph:—

„(f) *bis.* reëlende die toekenning van 'n weeklikse toelaag aan 'n leerling wat tot 'n Regeringsopleidingskool toegelaat is, en die toekenning aan so 'n leerling, en sy vrou en kinders, wat by hom woon, van vry behuising, vry kos, vry klere, vry mediese benodigdhede by ligte ongesteldhede en die betaling van die vervoerkoste, na en van sodanige Regeringsopleidingskool.”

(c) deur die woorde „in Regeringsopleidingskole,” na die woord „onderwysers,” waar dit vir die tweede keer in paragraaf (o) voorkom, in te voeg;

(d) deur in paragraaf (q) die woorde „blanke onderwysers in Regerings-kleurlingskole, nie-blanke onderwysers in Regerings-kleurlingskole” te skrap en hulle te vervang deur die woorde „blanke en nie-blanke onderwysers in Regeringsopleidingskole, Regeringskleurlingskole en Regeringsnaturelleskole.”

28. Artikel *nege-en-twintig* van die Proklamasie van 1931 betreffende Pensioene van Onderwysers (No. 39 van 1931), soos van tyd tot tyd gewysig, word hiermee gewysig deur in subartikel (1) en in subartikel (2) die woorde „in Regerings-kleurlingskole” te skrap en hulle te vervang deur die woorde „in Opleidingskole, deur die Administrasie ingestel, vir die opleiding van blanke onderwysers, of in Regeringsopleidingskole, deur die Administrasie ingestel, vir die opleiding van kleurling- en naturelleskole, of in Regeringsnaturelleskole.”

29. Hierdie Proklamasie heet die Onderwys-wysigingsproklamasie, 1943.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my hand en seël te Windhoek, op hede die 7de dag van Julie 1943.

P. I. HOOGENHOUT,
Administrateur.

No. 19 van 1943.]

NADEMAAL dit wenslik is om in die wet van die Gebied voorsiening te maak vir die kwytstelling van sekere gelde verskuldig deur boedels van persone op militêre diens;

SO IS DIT dat ek, op grond van en kragtens die bevoegdhede my verleën, hiermee proklameer, verklaar en bekendmaak, soos volg:—

1. Nieteenstaande die bepalinge van artikel *twaaft* van die “Boedelwet, 1913” (Wet No. 24 van 1913) van die Parlement van die Unie van Suid-Afrika, soos op hierdie Gebied toegepas deur artikel *twee* van die “Betere Rechtsbedeling Proklamasie 1921” (No. 52 van 1921) kan die Meester die ingevolge items 1 (a) en (c) en 2 (d) van die Vierde Bylae van daardie Wet voorgeskrewe gelde kwytstel ten opsigte van die boedel van 'n persoon wie se dood te wyte is aan wonde of beserings opgedoen, of aan siekte opgedoen terwyl hy waar dan ook, op voltydse diens was (hetsy aktiewe diens, al dan nie), as 'n lid van die see-, land- of lugmagte of van die verpleegdienste, hetsy gereelde-, vrywillige-, reserwe- of hulp- van die Unie van Suid-Afrika of van 'n ander Statelid van die Britse Gemenebes van Nasies, gedurende die teenswoordige oorlog, mits sodanige dood binne twee jaar na beëindiging van bedoelde oorlog plaasgevind het.

2. Artikel *een* word geag op die sesde dag van September 1939 in werking te getree het en die Meester kan enige sodanige alreeds betaalde gelde terugbetaal.

3. Hierdie Proklamasie heet die Proklamasie betreffende die Kwytstelling van Boedelgelde, 1943.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my hand en seël te Windhoek, op hede die 8ste dag van Julie 1943.

P. I. HOOGENHOUT,
Administrateur.

“(f) *bis.* governing the granting of a weekly allowance to a pupil admitted to a Government Training School, and the granting to such pupil, and his wife and children living with him, of free accommodation, free food, free clothing, free medical supplies for minor ailments, and the payment of the cost of travelling to and from such Government Training School.”;

(c) by the insertion after the word “teachers” where it appears for the second time in paragraph (o), of the words “in Government Training Schools.”;

(d) by the deletion in paragraph (q) of the words “European teachers in Government Coloured Schools, non-European teachers in Government Coloured Schools” and the substitution therefor of the words “European and non-European teachers in Government Training Schools, Government Coloured Schools and Government Native Schools.”

28. Section 29 of the Teachers' Pensions Proclamation, 1931 (No. 39 of 1931), as amended from time to time, is hereby amended by the deletion in sub-section (1) and in sub-section (2) of the words “in Government Coloured Schools” and the substitution therefor of the words “in Training Schools established by the Administration for the training of European teachers, or in Government Training Schools established by the Administration for the training of Coloured and Native teachers, or in Government Coloured Schools, or in Government Native Schools”.

29. This Proclamation shall be called the Education Amendment Proclamation, 1943.

GOD SAVE THE KING.

Given under my hand and seal at Windhoek, this 7th day of July, 1943.

P. I. HOOGENHOUT,
Administrator.

No. 19 of 1943.]

WHEREAS it is desirable to make provision in the law of the Territory for the remission of certain fees due from the Estates of persons on military service;

NOW THEREFORE, under and by virtue of the powers in me vested, I do hereby proclaim, declare and make known as follows:—

1. Notwithstanding anything contained in section *twelve* of the Administration of Estates Act, 1913 (Act No. 24 of 1913) of the Parliament of the Union of South Africa, as applied to this Territory by section *two* of the Better Administration of Justice Proclamation, 1921 (No. 52 of 1921) the master may remit the fees prescribed under items 1 (a) and (c) and 2 (d) of the Fourth Schedule to that Act, in respect of the estate of any person whose death was due to wounds or injury received or disease contracted, while on full time service (whether active service or not) anywhere, as a member of the Naval, Military or Air Forces or the Nursing Services, whether regular, voluntary, reserve or auxiliary, of the Union of South Africa or of any other State-Member of the British Commonwealth of Nations during the present war: Provided such death occurred within two years after the end of the said war.

2. Section *one* shall be deemed to have come into operation on the sixth day of September, 1939, and the Master may refund any such fees which have already been paid.

3. This Proclamation shall be called the Remission of Estate Fees Proclamation, 1943.

GOD SAVE THE KING.

Given under my hand and seal at Windhoek this 8th day of July, 1943.

P. I. HOOGENHOUT,
Administrator.